# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 16 OKTOBER 2022

**Gesamentlike oggenddiens** om 09:00 in die kerk | Ds. Visser 3/8

Meditatiewe diens in die kapel | Ds. Dietmann

Jeugdiens om 18:00 in die kerk | Ds. Schoombie

## KWARTAALFOKUS | OM TE VERNUWE

- Eredienste: Beleef die diversiteit van ons gemeente se lidmate tot 6 November, wanneer die oggend- en familiedienste gesamentlik om 09:00 in die kerkgebou aangebied word.
- Die Annibrand-groepe (kategese) en kleuterkerk, sien bladsy 2.
- Bybelskool: Die Bybelskoolkursus (November) sal handel oor hoe Paulus die uitdagings van verandering in die vroegste gemeentes moes hanteer.
- Gebedsgroepe: Skakel in by die mannegebedsgroep, Donderdag-oggende om 06:00 in die markplein en die asemskepgebedsgroep, Dinsdae om 18:30 in die kapel.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2022

Die tiendemaandinsameling in Oktober is gegrond op die Ou Testamentiese gebruik dat 'n deel van die eerste oes aan die Here gewy word (Deut. 26:12). Dié wet is in die Nuwe Testament met 'n dankbaarheidsoffer (2 Kor. 9:7-8) vervang. Die gemeente begin jaarliks met 'n nulbegroting en ons inkomstebronne is hoofsaaklik Sondagkollektes, maandelikse dankoffers en die tiendemaandinsameling. 'n Derde van ons inkomste word aan projekte buite die gemeente aangewend, meer inligting oor die projekte sal in die November-uitgawe van die *Stellenberger* volg. Ons is opreg dankbaar teenoor lidmate wat ons finansieel ondersteun. Vanaf Sondag 31 Okt. sal spesiale tiendemaand dankofferkoeverte by die eredienste beskikbaar wees. Die tiendemaanddankoffer kan ook met SnapScan of elektronies gegee word. Sien die bankbesonderhede en SnapScan-kode op bladsy 4.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

**Alta du Toit Nasorg**

Die Nasorgsentrum in Bellville bied huisvesting aan intelektueel gestremde volwassenes. Die inwoners verrig beskutte arbeid en word sekere handvaardighede geleer.

## SPESIALE GEBEDSGELEENTHEID

**Dinsdag 25 Oktober om 18:00 | Kapel** Kom dra asseblief saam met ander gelowiges ons land en sy mense in gebed aan die Here op. Almal is baie welkom om aan te sluit vir solank as wat dit jou pas.

## KLEUTERKERK EN ANNIBRAND-GROEPE

- Kleuterkerk (09:00 - 09:50) in die tent-area naaste aan die kerk se hoofingang.
- Graad 1- tot 6-kategese (10:00 - 10:45) ontmoet in die kerk, na afloop van die oggenddiens.
- Die graad 7-groep skakel by die Annibrand Senior-groep in en woon om 18:00 die aanddiens in die kerk by en verdeel na die diens in hulle kleingroepe.
- Annibrand Senior ontmoet om 18:00 vir die aanddiens en verdeel na die diens in kleingroepe.

## VELDWAGTEREKSPEDISIE VIR GRAAD 1-3

Alle graad 1's tot 3's word uitgenooi om deel te neem aan 'n opwindende veldwagterekspedisie wat op Saterdag 29 Oktober in die Tygerberg Natuurreservaat aangebied word. Rig navrae en besprekings aan sunet@stellenberg.co.za.

## FEESMARK

Die feesmark vanaf 17 Oktober tot 5 November is vanjaar weer 'n volgrootte mark met 450 uitstallers en 'n groot verskeidenheid kosstalletjies. Lees meer in die September-uitgawe van die *Stellenberger* oor al die etes en lekkernye wat jy te wagte kan wees. Krediet-, debiet- en Kaapse Verbruikerskaarte word aanvaar. Die mark sal ook oop wees tydens beurtkrag. Besoek die feesmark op weeksdae vanaf 10:00 tot 20:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 18:00. Nooi asseblief jou vriende en familie om die fondsinsamelingsprojek van die gemeente te ondersteun.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. Hulle het op 22 Aug. met 'n nuwe reeks oor vroue in die Bybel begin. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### OMGEESTOOR

Die omgeestoor samel tweedehandse klere in en deel dit uit aan minderbevoorregte persone, of besorg die klere aan instansies wat dienste aan minderbevoorregte persone lewer. Gee gerus bruikbare tweedehandse klere by die kerkkantoor af. Ons sorteer dit en versprei dit volgens behoefte.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Eric Julian Esterhuizen (10/05/1937-11/10/2022). Eric was sedert 1988 'n meelewende lidmaat van die gemeente wat ook gereeld hulp met take by die kerkkantoor verleen het. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Ritha en kinders wat hy agterlaat. Gedenkdiens: Maandag 15:00 by Fairtrees Aftreeoord.

## STOOR ONS WHATSAPP-NOMMER

Stoor asseblief die gemeente se WhatsApp-nommer (081 045 2428) op jou foon en raak deel van die gemeente se *broadcast*-lys sodat jy nuusbrokkies via WhatsApp kan ontvang. Dit is nie 'n WhatsApp-groep nie, wat beteken jou selfoonnommer, asook die ander lede op die lys se selfoonnommers, is nie sigbaar nie. Stuur jou naam en van per WhatsApp na 081 045 2428 om op die *broadcast*-lys geplaas te word.

## MANNELOFPRYSINGSAAND

Ons nooi alle gesinne om op Vrydagaand 18 November vanaf 18:00 tot 20:00 by die mannelofprysingsaand in die kerk in te skakel. Lidmate van ander gemeentes gaan ook by ons aansluit en Kenridge-gemeente se aanbiddingspan lei die byeenkoms.

*Ek en my huis . . . sal die Here dien.* Josua 24:15

## VATVYF-PROGRAM

Neem asseblief kennis van die volgende geleenthede wat vir die VatVyf-groep beplan word. Besprekings vir alle byeenkomste en uitstappies word by die kerkkantoor-ontvangs of 021 976 4519 gedoen. Bespreek asseblief jou plek teen die Maandag voor die beplande aktiwiteit.

| | |
|---|---|
| Woensdag 02 Nov. 10:00 | Kuier by die feesmarkrestaurant. |
| Woensdag 23 Nov. 09:30 | Vrugte pluk op Hoogwaterplaas. |
| Donderdag 01 Des. 12:00 | Kersfeesete. |

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

**Tafelgesprekke vir families**

## POTPLANTHOUERS

Die Kweek-vir-die-Here-span benodig gebruikte of nuwe plastiekpotplanthouers. Alle groottes is welkom. Indien jy planthouers het wat jy aan die span wil skenk, gee dit asseblief by die kerkkantoor af, of kontak Jan Bester by 073 462 4577.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### EDELWEISS

20 Oktober om 15:00 in die eetsaal

Psalm 34

Ek was een van die ellendiges wat geroep het ... die Here het gehoor!

### HUIS ARISTEA DURBANVLLE HOU BASAAR

Saterdag 22 Oktober vanaf 08:30 tot 13:00. Heerlike gebak, pannekoek, vleis, wors, groente en vrugte sal te koop wees. 'n Wynveiling word ook vanaf 10:30 aangebied. Ondersteun gerus die tehuis vir seniors.

### EDELWEISS

Alle pensioenarisse word genooi om teen R70 per jaar as buitelede by die sentrum aan te sluit en dan van Edelweiss se dienste gebruik te maak. Navrae: Mev. Louw 021 976 1150.